

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=====

THURSDAY, 13 JUNE 2013

1. The House met at 14:15.
2. The Speaker took the Chair and read the prayer.
3. [14:17] Interpellations.
4. [14:50] The Speaker gave a ruling concerning a remark made by the hon Minister Botha during the debate on 6 June 2013 and directed him to withdraw the remark and apologised.  
  
Whereupon the Minister withdrew the remark and apologised.
5. [14:54] Questions.
6. [15:56] Questions to the Premier without notice.
7. [16:20] Statements by Members.
8. [16:47] Ms M Tingwe moved without notice: That the House extends its condolences to the family and friends of 15-year old Ntobeko Gogo, who was brutally murdered in Delft on 7 June 2013.  
  
Agreed to.
9. Mr M C Walters moved without notice: That the House records its extreme concern at the declining health of our first democratically elected President, Mr Nelson Mandela, and conveys its sincere wishes for his speedy recovery to his nearest and dearest.  
  
Agreed to.
10. Mr R B Lentit moved without notice: That the House –
  - (1) conveys its sincere condolences to the Cloete family of Kuilsrivier on the sudden passing of their son; and
  - (2) wishes them strength and God's comfort during this painful period of mourning.Agreed to.

11. Ms N P Magwaza moved without notice: That the House –
- (1) extends its condolences to the family and friends of the Overberg regional chairperson of the African National Congress and councillor, Manie Damon, who passed away over the past weekend; and
  - (2) notes that he was a champion for the rights of farmworkers.
- Agreed to
12. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House –
- (1) notes with pride that five residents from the Mother City made the Forbes list of 30 of 30 Africa's Best Young Entrepreneurs, for making the most dramatic impact across the continent of Africa; and
  - (2) therefore congratulates the following five young Capetonians: Ashley Uys, Rapelang Rabana, Ludwick Phofane Marishane, Justin Stanford and Sizwe Nzima.
- Agreed to.
13. Ms V Hani moved without notice: That the House commends the National Youth Development Agency for opening the Langa house building project where 100 young people will be involved in building 76 houses for the elderly and other vulnerable people in Langa over the next 12 months.
- Agreed to.
14. Ms A J du Toit Marais moved without notice: That the House –
- (1) commends the Minister of Social Development and the Department of Social Development in the Western Cape for arranging a unique Youth Day event, where they will not only be celebrating youth but also engaging with young people to get a better idea of what the important issues with regard to youth development are and how they think we should deal with such issues; and
  - (2) notes that this event is for 2 350 young people from all races, including young people living with disabilities.
- Agreed to.
15. Mr K E Magaxa moved without notice: That the House notes with concern the latest findings of the South African Human Rights Commission on the state of sanitation in certain informal settlements in the City of Cape Town, which in their view represents a crisis that poses a significant risk to the health of the vulnerable communities in our city.
- Agreed to.
16. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House –
- (1) urges the national Minister of Justice, Mr Jeff Radebe, to reinstate the “name and shame” of drunk drivers campaign; and
  - (2) notes that the “name and shame” list stigmatises driving under the influence and reduces the number of drunk drivers for weeks following its publication.
- Agreed to.

17. Ms J L Hartnick moved without notice: That the House congratulates Mr Joseph Kholokoane, a 44-year-old petrol attendant of Worcester, on receiving his degree in social sciences after a caring land owner paid all his university fees that were still outstanding after his completing the degree 17 years ago.

Agreed to.

18. Ms A J du Toit Marais moved without notice: That the House –

- (1) expresses its gratitude to the plastic surgeon at the Red Cross Children's Hospital, Dr Saleigh Adams, for the selfless work that he is performing in cooperation with and with the assistance of the Smile Foundation; and
- (2) notes with appreciation that 19 children have received reconstructive surgery in the past week and that this will make it possible for them to smile again.

Agreed to.

19. [16:55] Having indicated that they would not partake further in the discussions on the Order Paper, the African National Congress left the Chamber.

20. [16:57] The House discussed the following subject in the name of Mr E J von Brandis:

The problem of unemployment, especially among the young people of our province and country.

Debate concluded.

21. [17:40] FIRST ORDER

Consideration of Report of the Standing Committee on Agriculture and Environmental Planning on the *Spatial Planning and Land Use Management Bill* [B 14D – 2012] (NCOP), dated 6 June 2013 (See Announcements, Tablings and Committee Reports, p 71) (Ratification of final mandate).

There was no debate.

The mandate conferring authority on the Western Cape Provincial Parliament's delegation in the NCOP to vote against the Bill was ratified.

22. The House adjourned at 17:42.

R G HINDLEY  
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

=====

DONDERDAG, 13 JUNIE 2013

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.
2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.
3. [14:17] Interpellasies
4. [14:50] Die Speaker gee 'n beslissing oor 'n opmerking wat die agb Minister Botha gedurende die debat op 9 Mei 2013 gemaak het en gelas hom om die opmerking terug te trek en verskoning te vra.  
  
Die Minister trek daarop die opmerking terug en vra om verskoning.
5. [14:54] Vrae.
6. [15:56] Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.
7. [16:20] Verklarings deur Lede.
8. [16:47] Me M Tingwe stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye betuig met die familie en vriende van die 15-jarige Ntobeko Gogo, wat op 7 Junie 2013 wreed vermoor is in Delft.  
  
Goedgekeur.
9. Mnr M C Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy uiterste kommer laat opteken oor die verswakkende gesondheid van ons eerste demokraties verkose President, mnr Nelson Mandela, en sy opregte wense vir spoedige beterskap oordra aan die naasbestaandes en dierbares van mnr Mandela.  
  
Goegekeur.
10. Mnr R B Lentit stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –
  - (1) sy opregte medelye oordra aan die Cloete-familie van Kuilsrivier met die skielike heengaan van hulle seun; en
  - (2) hulle sterkte en die vertroosting van God toebid gedurende dié tydperk waarin hulle pyn ervaar en rou.  
Goedgekeur.

11. Me N P Magwaza stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –
- (1) sy medelye betuig met die familie en vriende van die streeksvoorsitter van die African National Congress in die Overberg en raadslid, Manie Damon, wat gedurende die afgelope naweek oorlede is; en
  - (2) daarvan kennis neem dat hy ’n kampvegter was vir die regte van plaaswerkers.
- Goedgekeur.
12. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –
- (1) met trots daarop let dat vyf inwoners van die Moederstad vanjaar se Forbes-lys van Afrika se 30 beste jong entrepreneurs van jonger as 30 jaar gehaal het op grond van die feit dat hulle die ingrypendste impak op die vasteland Afrika gemaak het; en
  - (2) derhalwe sy gelukwensing oordra aan die volgende vyf jongmense van Kaapstad: Ashley Uys, Rapelang Rabana, Ludwick Phofane Marishane, Justin Stanford en Sizwe Nzima.
- Goedgekeur.
13. Me V Hani stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Nasionale Jeugontwikkelingagentskap loof vir die van stapel stuur van die projek vir die oprigting van behuising in Langa, waar 100 jongmense betrek sal word by die bou van 76 huise vir bejaardes en ander kwesbare mense in Langa oor die volgende 12 maande.
- Goedgekeur.
14. Me A J du Toit Marais stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –
- (1) die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in die Wes-Kaap loof vir die reël van ’n unieke Jeugdag-geleentheid, nie slegs ter viering van die jeug nie, maar ook om jongmense se menings te hoor om ’n beter begrip te vorm van wat die belangrike kwessies is met betrekking tot die ontwikkeling van die jeug en hoe hulle dink ons moet werk maak van die kwessies; en
  - (2) daarvan kennis neem dat dié geleentheid vir 2 350 jongmense van al die rassegroepe gereël word, met inbegrip van jongmense wat met gestremdhede saamleef.
- Goedgekeur.
15. Mnr K E Magaxa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die kommer oor die jongste bevindings van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie oor die toestand van die sanitasie in sekere informele nedersettings in die Stad Kaapstad, wat na hulle mening krisissafmetings aanneem en wat ’n beduidende risiko inhou vir die gesondheid van die kwesbare gemeenskap in ons stad.
- Goedgekeur.
16. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –
- (1) ’n dringende beroep op die nasionale Minister van Justisie, mnr Jeff Radebe, doen om die “*name and shame*”-veldtog ten opsigte van dronk bestuurders opnuut in te stel; en

- (2) daarvan kennis neem dat die bekendmaking van die lys wat 'n skandvlek plaas op oortreders, 'n stigma laat kleef aan dronkbestuur en dat die getal dronk bestuurders weke lank na die publikasie van so 'n lys heelwat minder is.

Goedgekeur.

17. Me J L Hartnick stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis mnr Joseph Kholokoane, 'n 44-jarige petroljoggie van Worcester, gelukwens met die verwerwing van sy graad in sosiale wetenskappe, nadat 'n medemenslike grondeienaar al sy universiteitsgelde betaal het wat nog steeds uitstaande was nadat hy die graad reeds 17 jaar gelede voltooi het.

Godegekeur.

18. Me A J du Toit Marais stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

- (1) die plastiese chirurg by die Rooikruis-kinderhospitaal, dr Saleigh Adams, bedank vir die onbaatsugtige werk wat hy in samewerking met en met die hulp van die Smile Foundation doen; en
- (2) met waardering daarvan kennis neem dat 19 kinders vandeeweke rekonstruktiewe chirurgie ontvang het wat hulle in staat sal stel om weer te kan glimlag.

Goedgekeur.

19. [16:55] Nadat die African National Congress aangedui het dat hulle nie aan die besprekings op die Ordelys gaan deelneem nie, het hulle die Raadsaal verlaat.

20. [16:57] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van mnr E J von Brandis:

Die probleem van werkloosheid, veral onder die jeug van ons provinsie en land.

Debat afgesluit.

21. [17:40] EERSTE ORDER

Oorweging van Verslag van die Staande Komitee oor Landbou en Omgewingsbeplanning oor die *Spatial Planning and Land Use Management Bill* [W 14D – 2012] (NRVP), gedateer 6 Junie 2013 (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, bl 71) (Ratifikasie van finale mandaat).

Daar was geen debat nie.

Die mandaat wat die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se afvaardiging na die NRVP magtig om die Wetsontwerp nie te steun nie, is bekragtig.

22. Die Huis verdaag om 17:42.